Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Julian J Gordon**
Direktoraat: Diensvoordele
Julian.Gordon@westerncape.gov.za | 021 467 2876

Lêerno.: 3/3/2/4/3
Verwysing: 20230831-7637

Omsendbrief: 0023/2023
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde: IGLOO-koördinering en -advies, Amptenare by Hoofkantoor en distrikskantore, Prinsipale, Opvoeders en Onderwys-ondersteuningspersoneel

Kort opsomming: *Proses vir die bestuur van aansoeke om afwesigheidsverlof vir die tydperk 04 tot 10 Augustus 2023 weens die SANTACO-taxistaking en verwante burgerlike oproer.*

**Onderwerp: Reëlings rakende afwesigheidsverlof tydens die SANTACO-taxistaking en verwante burgerlike oproer vir die tydperk 04 tot 10 Augustus 2023 (tydperk van oproer)**

1. Om 15:00 op Donderdag, 03 Augustus 2023 het die Suid-Afrikaanse Nasionale Taxiraad (SANTACO) met 'n taxistaking in die Wes-Kaap begin en onmiddellik alle taxivervoer onttrek, wat pendelaars gestrand gelaat het. Weens die burgerlike oproer wat hieruit voortgevloei het, het bykans alle ander padvervoerdienste vir passasiers uit vrees vir vergelding omdat hulle in die afwesigheid van SANTACO-taxi's dienste lewer, ook hul dienste onttrek of beperkte dienste gelewer.

2. In die werksdae ná 03 Augustus 2023 was daar 'n toename in die afwesigheid van werknemers as gevolg van die taxistaking en burgerlike oproer, wat gepaard gegaan het met 'n golf van geverifieerde verslae oor geweld, asook verkeerde en misleidende inligting wat op sosialemediaplatforms versprei is.

3. SANTACO het die taxistaking laat op die aand van 10 Augustus 2023 beëindig. Dit is onmiddellik deur verskeie belanghebbers op talle sosialemediaplatforms gekommunikeer.

4. Die volgende reëlings sal geld vir aansoeke om afwesigheidsverlof wat met die tydperk van burgerlike oproer verband hou.

5. Verlof waarvoor daar vóór en gedurende die tydperk van oproer aansoek gedoen is om redes wat nie met die taxistaking/burgerlike oproer verband hou nie:

a) Aansoeke om alle soorte afwesigheidsverlof vir dae tydens die tydperk van oproer, waarvoor daar vóór die taxistaking/burgerlike oproer aansoek gedoen is, sal in ooreenstemming met die oorspronklike versoek en die toesighouer/bestuurder se aanbeveling verwerk word.

b) Alle aansoeke om siekteverlof en verlof weens tydelike ongeskiktheid waarvoor daar tydens die onrustydperk aansoek gedoen is, sal as sodanig verwerk word.

c) Aansoeke om jaarlikse verlof waarvoor daar tydens die tydperk van oproer aansoek gedoen is, kan in ooreenstemming met paragraaf 6 of 7 hieronder heroorweeg word.

6. Reëlings vir aansoeke om afwesigheidsverlof vir **kantoorgebaseerde werknemers** waarvoor daar gedurende die tydperk van oproer aansoek gedoen is weens redes wat met die taxistaking/burgerlike oproer verband hou:

a) Indien die rede wat vir die afwesigheidsverlof verskaf word met die taxistaking/burgerlike oproer verband hou, moet kantoorgebaseerde werknemers om spesiale verlof aansoek doen vir die spesifieke dag/dae of tydperk/e van afwesigheid en bewyse verskaf van die buitengewone omstandighede wat kantoorbywoning verhinder het. Sodanige bewyse kan gestaaf word deur 'n beëdigde verklaring wat voor 'n kommissaris van ede afgelê word. Bestuurders of toesighouers mag aansoeke wat slegs deur 'n beëdigde verklaring gestaaf word oorweeg wanneer hulle die aanbeveling of goedkeuring van die afwesigheidsverlof as spesiale verlof oorweeg.

b) Aansoeke om spesiale verlof moet gedoen word op vorm Z1(a), *Application for Leave of Absence*, en moet die Direktoraat: Diensvoordele, vir die aandag van me. Jenny Williams, teen **27 September 2023** bereik.

7. Reëlings vir aansoeke om afwesigheidsverlof vir **inrigtinggebaseerde werknemers (staatsdienswerknemers en opvoeders)** waarvoor daar gedurende die tydperk van oproer aansoek gedoen is weens redes wat met die taxistaking/burgerlike oproer verband hou:

a) Indien die rede wat vir die afwesigheidsverlof verskaf word met die taxistaking/burgerlike oproer verband hou, moet inrigtinggebaseerde werknemers om spesiale verlof aansoek doen vir die spesifieke dag/dae of tydperk/e van afwesigheid en bewyse verskaf van die buitengewone omstandighede wat bywoning van die werkplek verhinder het. Sodanige bewyse kan gestaaf word deur 'n beëdigde verklaring wat voor 'n kommissaris van ede afgelê word. Prinsipale mag aansoeke wat slegs deur 'n beëdigde verklaring gestaaf word oorweeg wanneer hulle die aanbeveling of goedkeuring van die afwesigheidsverlof as spesiale verlof oorweeg.

b) Aansoeke om spesiale verlof moet op vorm Z1(a), *Application for Leave of Absence,* gedoen word, en moet teen nie later nie as **27 September 2023** op die Mensbestuurspraktykstelsel (MBPS) gelaai word. Prinsipale word versoek om die kommunikasie op die MBPS te monitor, aangesien onvoorsiene omstandighede 'n verandering in die afleweringsmodus van dokumente mag noodsaak. Vorm H.1, *Application for Leave of Absence: School-based educators,* MOET NIE gebruik word nie, aangesien dit nie voorsiening maak vir spesiale verlof nie. Die Departement van Basiese Onderwys is in kennis gestel van foute op hierdie vorm en sodra 'n reggestelde weergawe gepubliseer word, sal dit beskikbaar gestel word.

c) Werknemers by inrigtings wat gesluit was, soos in die Hoof van Onderwys se brief van 09 Augustus 2023 uiteengesit, ofskoon die inrigting reeds voor 09 Augustus 2023 gesluit is, word uitgesluit uit hierdie reëlings vir daardie dae tydens die tydperk van oproer dat die inrigtings gesluit was.

8. Enige afwesigheidsverlof het finansiële implikasies en word as sodanig jaarliks omvattend deur die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika geoudit. Dit is om hierdie rede, en om 'n kultuur van goeie regering te verseker, dat die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) versoek dat die administratiewe reperkussies van die ontwrigting wat die taxistaking en burgerlike oproer veroorsaak het, met die nodige ywer bestuur word deur al die werknemers, prinsipale, toesighouers en bestuurders wat geraak word. Billikheid, redelikheid en kommunikasie met werknemers wat geraak word (skriftelik en mondeling), moet die grondslag vorm van alle aansoeke om verlof wat aanbeveel of nie aanbeveel word nie.

9. Die WKOD se kliëntediensamptenare by die inbel- en instapsentrums is op die hoogte gebring van hierdie aangeleentheid en is gereed om advies en leiding te gee.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2023-09-11